*Donderdag* **5 Februarie**
**Skrifgedeelte: Lukas 10:30-37**
**Fokusgedeelte: Lukas 10:30-37; HK Sondag 31**
**Sonder barmhartigheid kan ons God nie liefhê nie**

Jesus het die gelykenis vertel omdat die wetgeleerde homself wou regverdig toe hy gehoor het dat ons God en ons naaste moet liefhê. Hy ken God en hy probeer met al sy nougesette wetsonderhouding wys dat hy God liefhet, maar “wie is my naaste”? Moontlik het hy gehoop dat jy dalk tog die ewige lewe kan hê, al gee jy nie om vir ander nie. Dalk is die deur na die koninkryk van die hemel tog wawyd oop as jy net maar God liefhet.

Waar Jesus Koning is, is daar nie plek vir sulke dubbelhartigheid nie. Liefde vir ons naaste is onafskeidbaar deel van ons toewyding aan God, al is dit tipies menslik om liewer by mense wat in nood is “aan die ander kant van die pad” verby te loop asof hulle nie bestaan nie. Die wetgeleerde se vraag word reggestel: die vraag is eintlik nie “wie is my naaste?” nie, maar eerde:r “Wie is die naaste van hom wat onder die rowers verval het?” Is ek iemand se naaste? Ons Here verander ons lewe sodat dit nie net op onsself en op ons eie belange gerig sal wees nie, maar op Hom sodat Hy geëer en gedien kan word ook deur daar te wees vir ander. Al is ek deel van ’n veragte deel van die bevolking soos wat die Samaritane was, maak Hy my bereid om medelye met ander te betoon.

Sonder liefde vir die naaste is liefde vir God nie eg nie, en loop ons met ons vroom godsdienstigheid ons te pletter teen die toe deur van sy koninkryk. Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld (Jak. 1:27).

*Sing: Psalm 18-1:12*
*Ds. GNV (Nico) Botha (Emeritus)*